

Nomades Nuusbrief

Junie 2012

Goeiedag alle nomades.

STAMVRUG staproete.

Die naweek van 15/16/17 Junie het 19 brawe stappers wat nie koue vrees nie die' lekker naby roete sowat 27Km (10km op die teerpad na Alma en dan op 'n afdraaigrondpad so 17Km) van Warmbad Na 'n aanvaarbare grondpaadjie met enkele uitdaging vir die laer voertuie het almal Vrydagaand by die Kloof hut oornag. Daar is 3 kamers. Twee daarvan deel een kombuis, sonder krag, of lig of yskas. Die 3de kamer is ietwat luukser wat ook 8 persone kan slaap en het sonsel lig, 'n vrieskas en 'n 2 plaat gasstofie met 'n privaat braai-area vir 'n privae groepie van 8 stappers.

Elkeen van die 3 kamers het 'n warmwater donkie – badkamer/storte wat deur 'n werker gestook word. Lekker Vuurwarm water in die aand en in die oggend.

Nomades het egter Vrydagaand die hele kamp oorgeneem, Saterdag is die kamp wel gedeel met 'n ander groep in die 3de kamer en 2 vreemde stappers in die 2de kamer.

Saterdagoggend het 8 rugsak stappers die Kloof roete na die Stamvrugkamp, sowat 11.6 km gestap. Hier is ook 3 kamers, met 2 privaat eenpersoon sitplekkies in 'n aparte geboutjie 'n entjie weg en nog verder weg is daar 2 storte, een vir die dames en een vir manne, ook met vuurwarm-donkie water.

By die kamp is ook 2 braai-areas, sodat twee groepe ook hier nie hoef te meng nie.

Daar was inderdaad 'n ander groep ook die Saterdag aand daar, maar ons mekaar net so nou en dan raakgeloop of gesien. Geen lig nie, en die Cadac gasstoof het nie gewerk nie. Sorg dus maar vir jou eie klein stofie. Hout word wel by beide kampe voorsien vir braai-doeleindes.

Sowat helfde van die rugsakstappers het met die werklike Zebra roete teruggeloop na die basis kamp toe, en die ander helfde het om verskeie redes die kortpad, so 2-3 km oor die vlakte na die basiskamp(Kloof) terguggeloop.

Die 11 basiskamp stappers het ook blykbaar lekker gestap die Saterdag en Sondag op 'n verskeidenheid van opsies en roetes wat beskikbaar is.

Net 'n belangrike woord van waarskuwing. Moet nie teen 'n roete se aangeduide rigting probeer loop nie. Die roetes is uitgewerk in 'n spesifieke ringting en jy kan baie maklik merkers mis wat agter bome en klippe wegkruip, soos wel gebeur het as jy teen die rigting loop.

Die omgewing was redelik droog en BAIE klipperrig wat dit soms moeilik maak om te loop en maar die voete vermoei, maar die is nog steeds baie mooi. Loop verkieslik as die groener is, maar kies jou tyd dan ook so dat dit nie te warm is nie. Die sonnetjie sal jou seermaak op die oop areas en daar is nie te veel bome nie.

Wilna, Christo, Jannes, Marius, Phrina, Anne-Marie, Rita en Hans het die rugsak gedoen en PaulM, Gerrie, Kobie, PaulS, Christie, Ronell, Andra, Freek, Norma, Jan en Corrie het die dagstap vanaf die basiskamp gedoen. 19 Stappers in totaal.

Op die aangehakte foto-bladsy bo-links na regs : Stamvrug basiskamp(dag2), Kloof basiskamp(dag1), die Kloof op die Kloof roete tussen Kloof hut en Stamvrug hut, die 2 klein privaat kamertjies by Stamvrug kamp, 'n badkamer by Kloof se middelste kamer, 'n paar stappers bereik hoë hoogtes op die leer oor die wildsheining (AM), Die opelug warm storte onder die boom by Stamvrugkamp, die rugstap stappers by Stamvrugkamp en die kombuis wat 2 kamers bedien by kloof kamp.

Ons program vir die res van die jaar is as volg:

Julie : **Suikerboshfontein** by Carolina, R270 vir lede, R280 vir nie-lede.
Augustus : **Kaapchehoop** by Nelspruit, 3 dae, R330 vir lede, R345 vir nie-lede.
September : **Queen Rose – Rugsak roete. Reeds vol. Jammer.**
19-21 Oktober : **Mosamane** ,

'n Basis kamp roete met 'n dagstap die Saterdag en 'n Geo-Cathing/Skattejag die Sondag het ek 'n deposito betaal van R1000 vir die Stappers. Die Stapfooi is R220 per lid vir die naweek.

16-18 November : **Bald Ibis** 'n Basis kamp roete met dagsirkels die Saterdag en Sondag is 'n roete wat met behulp van GPS koördinate geloop moet word. Ek sal wel die leiding daar neem met my GPS. Kom dus asb saam. Die koste beloop R220 per lid per naweek.

15-18 Desember se **Strandloper**, meer as 7 stappers het al bespreek en betaal. 12 kan gaan.

17-20 Desember se **Strandloper** is volbespreek en betaal 12/12.

'n 4-nag/5 dag rugsakstap op hoofsaaklik die strand.

JAAR-Eind Funksie Desember 2012.

As daar Enige voorstelle is van waar ons 'n lekker lapa/afdak/braai/kuierplek vir 'n billike tarief kan kry, laat weet die bestuur asb. Nkwe bly 'n opsie. Rietvleidam se lapa is te duur, oor die R2000.

ROETES 2013.

Ja, dit klink baie ver, maar ons moet nou al begin dink om datum vas te maak. Kom as met lekker voorstelle waar julle graag wil gaan loop en moonlik ander aktiwiteite soos dalk 'n dagstap elke maand. Ons wil graag van julle hoor.

LedeLys : Ons is dan nou 26 Lede. Geen nuwe lid het in Junie aangesluit nie.

Webtuiste:

Dan ook net 'n punt om te onthou. Daar was 'n opmerking van 'n Oud-Lid dat hy nie gemaklik is dat die hele ledelys op die Webtuiste somer so oop en sigbaar vir die hele wêreld is nie. Ek het daarom 'n Basiese kodewoord op die Ledelys ingebou. As jy Enige skakel sou kies om die ledelys te sien, gaan ek vra wie ons voorsitter van die laaste paar jaar was. As jy dink dit was koos, tik dan net die naam Koos in sonder sy van, met die 1ste letter 'n hoofletter. As jy werklik nie weet nie, stuur asb 'n Epos aan enige bestuurslid en ons sal die kode vir jou gee as ons jou ken.

Webadres : www.nomades.co.za

Sien julle almal dan Dinsdag aand 19:00 by ons klubaand, by die biblioteek.

Ek hoor graag van julle as daar enige navrae, kommentaar of voorstelle of self kritiek is.

Groete

Marius

ms@itt.za.com